



# Tuks begin Superliga met 'n oorwinning oor Naka Bulle

Koos Venter

Die nuwe interprovisiale Super Klubliga het die afgelope Saterdag op 'n opwindende noot afgeskop.

Te oordeel aan die standaard van die rugby in die wedstryd tussen Tukkies en ABE Midas Naka Bulle, kan klubrugby-liefhebbers uitsien na 'n vuurwarm seisoen.

Dié twee klubs se eerste spanne het Saterdag op ABE Midas Naka Bulle se velde 'n feesdag van rugby afgesluit met 'n vertoning wat die toeskouers op die punte van hul stoele gehad het.

Hoewel die tuisspan drie van die vyf wedstryde op die dag gewen het, kon Tukkies daarin slaag om die belangrikste wedstryd van die dag, die stryd tussen die eerste spanne, naelskraaps met 34-31 te wen.

ABE Midas Naka Bulle se juniors (o.20) wen 35-24 en o.21 wen 43-19) het albei hul teenstanders van Tukkies oorrompel.

Die manne van die Moot se derdes het ook met 31-17 gewen. Tuks se tweede span se sewe drieë ingeryg tydens hul oorwinning van 47-31, terwyl 'n enkele strafdoel die verskil was tussen die eerste spanne.

In die wedstryd tussen die eerste spanne het albei spanne elk vier keer agter die doellyn gaan kuier.

Tukkies het die eerste helfte oorheers en teen rustyd het hulle 34-10 voorgeloop. Sylvester Booysen en sy manne het egter



Die aksie tussen Tukkies en ABE Midas Naka Bulle was kliphard en geen genade is gegee of gevra nie. Foto: Hein Roos

in die tweede helfte teruggeveg en 21 onbeantwoorde punte aangeteken.

Die toeskouers wat die SuperRugby aksie op Loftus Versfeld opgeoffer het om hul klubs te ondersteun, is getraakteer met sprankelrugby op 'n dag waartydens die vyf wedstryde 'n totaal van 46 drieë opgelewer

het.

Nadat ABE Midas Naka Bulle en Tukkies die nuwe Superliga (én die Carltonbeker) se 2018-seisoen afgeskop het, sal die res van die spanne in die liga eerskomende naweek almal in aksie wees en die Pretoria-spanne speel almal tuis.



Frans Botha was een van ABE Midas Naka Bulle se driedrukters. Hier trek hy ore plat op pad doellyn toe met 'n verdediger van Tuks wat te laat is om te keer.

Die verdedigende Carltonbeker-kampioen, Quins-Bobbies (QBR), skop hul veldtog op hul tuisveld af teen Springs.

Centurion speel tuis teen Rustenburg Impala, ABE Midas Naka Bulle ontmoet Brakpan in die Moot en Tukkies speel gasheer vir East Rand United (ERU).